higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LEWENSORIËNTERING

(Tweede Vraestel)

NKR VLAK 3

(7601023)

30 Oktober 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

Sakrekenaars mag NIE gebruik word nie.

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

   AFDELING A: Woordverwerking (40 punte – 43 minute)
   AFDELING B: Sigblad (40 punte – 53 minute)
   AFDELING C: PowerPoint-aanbieding (20 punte – 24 minute)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Lees AL die vrae aandagtig deur.

4. Nommer die drukstukke volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. DRUKSTUKKE wat nagesien moet word, moet in dieselfde volgorde as die vrae in die vraestel rangskik word. Slegs EEN drukstuk per vraag mag ingehandig word.

6. Maak seker elke drukstuk vertoon die VRAAGNOMMER en EKSAMENNOMMER volgens die instruksies.

7. Punte sal NIE toegeken word vir enige drukstukke sonder ’n EKSAMENNOMMER en ’n WATERMERK nie. Geskrewe EKSAMENNOMMERS is NIE aanvaarbaar nie.

8. Elke antwoord moet op ’n aparte vel papier gedruk word. Gebruik slegs EEN kant van die papier.

9. EKSAMEN- en SENTRUMNOMMERS moet korrek op die EKSAMENVOORBLAD geskryf wees en die sagtewareweergawe moet aan die bokant van die VOORBLAD aangedui wees (bv. MS Office 2007).

10. Dit is jou verantwoordelikheid om jou werk gereeld te stoor om te verhoed dat jy data wat reeds vasgelê is tydens ’n kragonderbreking verloor. GEEN addisionele tyd word toegelaat om verlore werk te voltooi nie.

11. Indien ’n rekenaar of drukker onklaar sou raak, sal die toesighouer die nodige reëlings tref vir jou om met die eksamen voort te gaan, en die werklike tyd wat verlore gaan, sal addisioneel toegelaat word.

12. Die speltoetser mag gebruik word.

13. Die tyd wat aan die begin van elke vraag aangedui word, is ’n riglyn om jou te help om die vraestel betyds te voltooi.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: WOORDVERWERKING

VRAAG 1 **TYD: 21 MINUTE**

Skep ’n dokument om vroulike studente sowel as akademiese en nie-akademiese vroulike personeellede op te voed oor moontlike tekens van ’n vrouemishandelaar.

1.1 Tik die teks in presies soos wat dit op die volgende bladsy verskyn. (7)

1.2 Gebruik die font Courier New, grootte 12. (2)

1.3 Voeg ’n loopvoet in met jou EKSAMENNOMMER (na links belyn) en VRAAG 1 (na regs belyn) in hoofletters. (2)

1.4 Wysig die HOOFOPSKRIF sodat dit in *LUCIDA HANDWRITING*, grootte 20 verskyn. (2)

1.5 Verander die HOOFOPSKRIF, ‘STOP DIE MISHANDELING VAN VROUE EN KINDERS’, na vetdruk. (1)

1.6 Belyn die HOOFOPSKRIF na regs. (1)

1.7 Verander die belyning van die res van die dokument na volledig gejusteer (‘full justification’). (1)

1.8 Voeg ’n genommerde lys in soos aangedui. (1)

1.9 Maak seker jy gebruik die korrekte hoof-/kleinletters, letterspasiëring en lynspasiëring regdeur die dokument. (2)

1.10 Stoor die dokument as BEVEG GEWELD op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

1.11 Druk die dokument op EEN A4-bladsy (portret) en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

Kopiereg voorbehou

Lucida handwriting, grootte 20, vetdruk, na regs belyn

STOP DIE MISHANDELING VAN VROUE EN KINDERS

Justeer die hele dokument volledig

Die meeste vroue word van ’n baie jong ouderdom af geleer om onderdanig en eerbiedig teenoor hulle manlike lewensmaats te wees. So, wanneer iemand iets doen wat hulle ongemaklik maak, vind hulle dit dikwels moeilik om hulle misnoeë te verwoord. Dit het gelei tot ’n aansienlike styging in die aantal sake van vrouemoord en -mishandeling in die land. Dit is hoog tyd dat vroue geleer word om uit te kyk vir die tipiese tekens van ’n man wat haar mishandel. Vroue MOET bekommerd raak wanneer hulle lewensmaats enige van die volgende gedrag begin vertoon:

1) Hy wil gedurig weet waar jy is en in wie se geselskap jy is.
2) Hy kies met wie jy vriende moet wees.
3) Hy deursoek gereeld jou foon om te kyk met wie jy kommunikeer.
4) Hy monitor gedurig jou sosialemediarekeninge soos Facebook, Twitter, Instagram en WhatsApp.
5) Hy kraak jou dikwels af, noem jou name in die openbaar en vertel jou jy is niks sonder hom nie.

Voeg genommerde lys in

VRAAG 2 **TYD: 22 MINUTE**

2.1 Onttrek die dokument wat jy as ‘BEVEG GEWELD’ gestoor het.

2.2 Vervang die loopvoet met ’n loopkop met jou EKSAMENNOMMER (gesentreer) en VRAAG 2 (na regs belyn). (2)

2.3 Verander die lynspasiëring na 1,5. (1)

2.4 Voeg enige relevante prent in soos aangedui. (1)

2.5 Belyn die prent na links en verstel die grootte na 1,5” / 3,75 cm. (1)

2.6 Voeg ’n bladsybreuk in soos aangedui. (1)

2.7 Tik die nuut ingevoegde opskrif, ‘GEBRUIKE VAN PREBLOOTSTELLINGSPROFILAKSE (PrEP) …’. (1)

2.8 Voeg ’n tabel in met VYF rye en TWEE kolomme. (7)

2.9 Wysig die kolomopskrifte van die tabel sodat hulle in skuinsdruk verskyn. (1)

2.10 Wend ligte grys tinting (‘shading’) aan die teks in die linkerkolom. Maak seker dat die teks gelees kan word. (1)

2.11 Voeg kolpunte in die linkerkolom soos aangedui. Jy kan kolpunte van jou keuse gebruik. (1)

2.12 Nommer die teks in die regterkolom soos aangedui. (1)

2.13 Voeg bladsynommers in wat gesentreer onderaan AL TWEE bladsye verskyn. (1)

2.14 Stoor die dokument as BEVEG GEWELD 1 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

2.15 Druk jou antwoord op TWEE A4-bladsye (PORTRET) en plaas hulle in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

STOP DIE MISHANDELING VAN VROUE EN KINDERS

Die meeste vroue word van 'n baie jong ouderdom af geleer om onderdanig en eerbiedig teenoor hulle manlike lewensmaats te wees. So, wanneer iemand iets doen wat hulle ongemaklik maak, vind hulle dit dikwels moeilik om hulle misnoeë te verwoord. Dit het gelei tot 'n aansienlike styging in die aantal sake van vrouemoord en -mishandeling in die land. Dit is hoog tyd dat vroue geleer word om uit te kyk vir die tipiese tekens van 'n man wat haar mishandel. Vroue MOET bekommerd raak wanneer hulle lewensmaats enige van die volgende gedrag begin vertoon:

1) Hy wil gedurig weet waar jy is en in wie se geselskap jy is.
2) Hy kies met wie jy vriende moet wees.
3) Hy deursoek gereeld jou foon om te kyk met wie jy kommunikeer.
4) Hy monitor gedurig jou sosialemediarekeninge soos Facebook, Twitter, Instagram en WhatsApp.
5) Hy kraak jou dikwels af, noem jou name in die openbaar en vertel jou jy is niks sonder hom nie.

RELEVANTE PRENT ← *Belyn prent na links*
Verstel grootte 1,5" / 3,75 cm

----------Voeg bladsybreuk hier in----------

Gebruike van preblootstellingsprofilakse (PrEP) ná blootstelling aan seksueel oordraagbare infeksies

Voeg tabel in

Skuinsdruk

Preblootstellingsprofilakse (PrEP)	*Doeltreffendheid van PrEP*
• Dit is 'n medisyne wat deur mense wat nie geïnfekteer is nie, gebruik word om te keer dat hulle MIV kry.	1) Begin behandeling nie later nie as 72 uur ná verkragting.
• Dit word meestal deur slagoffers van seksuele aanranding gebruik.	2) Neem medisyne soos voorgeskryf vir 28 dae.
• Die behandelingsplan bestaan uit Tenofovir + Emtrisitabien plus Raltegravir.	3) Laat jouself toets en kry behandeling vir swangerskap en SOI's.
• In Suid-Afrika kos PrEP tussen R300 en R550 wanneer dit in die privaatsektor verkry word.	4) Besoek weer die hospitaal ná 6 weke vir opvolgtoetse en berading.

Voeg kolpunte in

Wend ligte grys tinting aan

Voeg nommers in

TOTAAL AFDELING A: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: SIGBLAD

VRAAG 3 **TYD: 10 MINUTE**

Jy word gevra om ’n sigblad te skep om die risikogedrag op te teken wat jy tydens jou navorsing as portuurvoorligter ondersoek het.

3.1 Gebruik MS Excel en tik die sigblad hier onder in. MOENIE die ry- en kolomopskrifte (rande) intik nie. Hulle is slegs ingevoeg om aan te dui watter selle gebruik moet word. Jy sal gepenaliseer word as jy die verkeerde seladresse gebruik. (3)

3.2 Voeg ’n loopkop in met jou EKSAMENNOMMER (na links belyn) en VRAAG 3 (na regs belyn). (2)

3.3 Gebruik die font Arial, grootte 10. (1)

3.4 Verstel die kolombreedte om die inhoud in te pas, soos aangedui. (1)

3.5 Maak seker jy gebruik hoof-/kleinletters korrek. (1)

3.6 Voeg horisontale en vertikale lyne in soos aangedui. (1)

3.7 Stoor die sigblad as BEVEG GEWELD 2 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

3.8 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-bladsy (portret) en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[10]

	A	B
1	VERSLAG OOR SEKSUELE MISHANDELING/GEWELD	
2	AANGETEKENDE SAKE VIR 2017	
3		
4	SOORTE MISDAAD	JAAR 2017
5	Verkragting	298
6	Fisiese mishandeling	285
7	Emosionele mishandeling	529
8	Sterftes	127
9	TOTALE GETAL SAKE	
10	KLEINSTE GETAL SAKE	

VRAAG 4 **TYD: 30 MINUTE**

Maak die sigblad wat jy in VRAAG 3 geskep het oop en maak die volgende veranderinge:

4.1 Verander VRAAG 3 in die loopkop na VRAAG 4. (1)

4.2 Voeg nuwe kolomme en rye in soos aangedui. (2)

4.3 Smelt die opskrif, VERSLAG OOR SEKSUELE MISHANDELING/GEWELD, saam en sentreer dit. (1)

4.4 Verander die font van die hoofopskrif na Arial Black, 18. (1)

4.5 Verander die nuwe kolomopskrifte na vetdruk en gesentreer. (1)

4.6 Verskaf formules waar die letters van die alfabet verskyn om die volgende berekenings te doen:

4.6.1 TOTALE GETAL SAKE = Bereken die totale getal sake vir 2017. (1)

4.6.2 KLEINSTE GETAL SAKE = Bereken die minimum getal sake vir 2017. (1)

4.6.3 GROOTSTE GETAL SAKE = Bereken die maksimum getal sake vir 2017. (1)

4.6.4 GEMIDDELDE GETAL SAKE = Bereken die gemiddelde getal sake vir 2017. (1)

4.6.5 TEL DIE GETAL SAKE VIR 2017 = Tel die getal sake vir 2017 (1)

4.7 Vertoon TOTAAL, KLEINSTE, GROOTSTE en TELLING as heelgetalle sonder desimale plekke. (1)

4.8 Vertoon gemiddelde getal sake met EEN desimale plek. (1)

4.9 Voeg die horisontale en vertikale lyne in soos aangedui. (1)

4.10 Verander die kolombreedtes om seker te maak dat AL die inligting sigbaar is. (1)

4.11 Stoor die sigblad as BEVEG GEWELD 3 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

4.12 Druk die sigblad SONDER ry- en kolomopskrifte op EEN A4-bladsy (LANDSKAP) en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[16]

Kopiereg voorbehou

Smelt saam en sentreer, Arial Black, grootte 18

	A	B	C
1	**VERSLAG OOR SEKSUELE MISHANDELING/GEWELD**		
2	AANGETEKENDE SAKE VIR 2017		
3			
4	**SOORTE MISDAAD**	**JAAR 2017**	**TELLING VAN GETAL SAKE 2017**
5	Verkragting	298	**4.6.5**
6	Fisiese mishandeling	285	
7	Emosionele mishandeling	529	
8	Sterftes	127	
9	TOTALE GETAL SAKE	**4.6.1**	
10	KLEINSTE GETAL SAKE	**4.6.2**	
11	GROOTSTE GETAL SAKE	**4.6.3**	
12	GEMIDDELDE GETAL SAKE	**4.6.4**	

Voeg nuwe kolom in

Vetdruk en gesentreer

Voeg nuwe rye in

Kopiereg voorbehou

VRAAG 5 **TYD: 5 MINUTE**

Maak die sigblad wat jy in VRAAG 4 geskep het oop en volg die instruksies hier onder.

5.1 Verander VRAAG 4 na VRAAG 5. (1)

5.2 Vertoon die formules. (5)

5.3 Verander die kolombreedte om AL die korrekte formules volledig te vertoon. (1)

5.4 Stoor die sigblad as BEVEG GEWELD 4 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

5.5 Druk die sigblad sonder ry- en kolomopskrifte op EEN A4-bladsy (landskap) en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)
[8]

VRAAG 6 **TYD: 8 MINUTE**

Maak die sigblad wat jy in VRAAG 4 geskep het oop en volg die instruksies hier onder.

6.1 Voeg ’n SIRKELGRAFIEK in om die soorte misdaad vir 2017 te vertoon. (1)

6.2 Voeg die grafiek as ’n nuwe voorwerp in. (1)

6.3 Voeg die volgende titel bo-aan en gesentreer in:

MISHANDELING EN GEWELD
VRAAG 6
Jou EKSAMENNOMMER (1)

6.4 Vertoon die sleutel aan die linkerkant. (1)

6.5 Vertoon die data-etikette in die middel van die grafiek. (1)

6.6 Stoor die sigblad as BEVEG GEWELD 5 op jou skyf of volgens jou kollege se eksamenregulasies.

6.7 Druk die grafiek op ’n aparte bladsy en plaas die DRUKSTUK in jou EKSAMENOMSLAG. (1)
[6]

TOTAAL AFDELING B: 40

Kopiereg voorbehou

AFDELING C: POWERPOINT-AANBIEDING

VRAAG 7 **TYD: 24 MINUTE**

Skep ’n skyfievertoning van DRIE skyfies met MS PowerPoint.

7.1 Tik die teks van die DRIE skyfies in volgens die volgende instruksies en soos wat op die volgende bladsy aangedui word: (6)

7.2 SKYFIE 1: TITELSKYFIE (‘TITLE SLIDE’) (1)

7.2.1 Vertoon die hoofopskrif in Bodoni MT Black, grootte 48. (1)

7.2.2 Onderstreep die subopskrif en belyn dit na links. (2)

7.3 SKYFIE 2: TITEL EN INHOUD (‘TITLE AND CONTENT’) (1)

7.3.1 Hoofopskrif in vetdruk, skuinsdruk en gesentreer. (1)

7.3.2 Voeg tabel in met die gepaardgaande inhoud, soos aangedui. (2)

7.3.3 Voeg kolpunte in vir elke kolom, soos aangedui. (Jy kan kolpunte van jou keuse gebruik.) (1)

7.4 SKYFIE 3: TITEL ALLEEN (‘TITLE ONLY’) (1)

7.4.1 Verander die font van die titel na ALGERIAN, grootte 28. (1)

7.4.2 Belyn die titel na links. (1)

7.5 Voeg ’n loopvoet in met jou EKSAMENNOMMER en VRAAGNOMMER gesentreer. Die loopvoet moet op AL DRIE skyfies verskyn. (1)

7.6 Stoor die aanbieding as VRAAG 7 volgens jou kollege se eksamenregulasies.

7.7 Druk die skyfies as ’n UITDEELSTUK (‘handout’) met AL DRIE skyfies op EEN bladsy en plaas dit in jou EKSAMENOMSLAG. (1)

[20]

Bodoni MT Black, grootte 48

SKYFIE 1 – TITELSKYFIE

HOE VERMY EK AFSPRAAKVERKRAGTING?

MOENIE ALLEEN IN AFGELEË PLEKKE STAP NIE

Onderstreep en belyn na regs

SKYFIE 2 – TITEL EN INHOUD

WEES ALTYD OP JOU HOEDE!!

Vetdruk, skuinsdruk en gesentreer

Stappe om te volg ná seksuele aanranding	Kry behandeling
• Moenie bad nie	• Nadat jy 'n saak oopgemaak het, gaan hospitaal toe.
• Haas jou na 'n polisiestasie toe.	• Laat jou toets vir infeksies en swangerskap.
• Kry iemand om jou te vergesel	• Begin onmiddellik behandeling neem.

Voeg tabel in

Voeg kolpunte in elke kolom.

SKYFIE 3 – TITEL ALLEEN

NEEM JOU MAG TERUG, SÊ NEE VIR MISHANDELING.

ALGERIAN, grootte 28

Sentreer

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou